# BOEKBESPREKING

## AANVAL IN DE RUG? DE LEER VAN RICHARD WURMBRAND EN DE LEER VAN DE HEILIGE SCHRIFT.

J. Kamphuis, N. van Loo Sr. en E. N. van Loo. Uitgeverij de vuurbaak — Groningen — Slapband 57 bladsye — Prys R1,75.

Hier is 'n drietal artikels waarvan net die eerste 'n wetenskaplike ondersoek werd is. Die ander twee se bydrae is ietwat duister, behalwe as mens na die hele opset van die drie tesame kyk. Dan blyk dit dat die laaste twee se plasing noodwendig is om die doel van die boekie te verwesenlik: Naamlik 'n verdagmaking van R. Wurmbrand en sy werk, wat op so 'n heel besondere manier die Kommunisme in die gedrang bring, en 'n heenwysing na die seëninge wat die Kommunisme vir Roemenië en ook die amptelike Kerk aldaar gebring het (teenoor die sg. Ondergrondse Kerk), terwyl terselfdertyd 'n lansie vir die Wêreldraad van Kerke gebreek word omdat Wurmbrand uitgesproke anti-Wêreldraad is, en hier met alle mag probeer word om die keuse, Wêreldraad óf Wurmbrand, te vermy.

Dit is dus duidelik dat die boekie 'n duidelike doel voor oë het. Vir die aftakeling van Wurmbrand op teologiese terrein moet prof. Kamphuis van die Vrygemaakte Geref. Kerk te Kampen sorg. In die proses blyk Wurmbrand 'n rewolusionêr en 'n mistikus te wees met 'n voorliefde vir die ekstatiese. Die bekende feit dat Wurmbrand (vanweë sy wêreldwye betrokkenheid) hom nooit in leerstellige kwessies wil laat betrek nie, word terdeë uitgebuit. Daarom is daar geen waardering van die werk van Wurmbrand, sy doel en strewe nie. Hierdie feit, tesame met die simpatieke heenwysing na die Kommunistiese regime in Roemenië, opgeluister deur 'n aantal foto's deur mense wat baie „ervaring met betrekking tot de situatie daarginds" het, maak dat mens nie veel waarde wil heg aan die betekenis van sekere teologiese strominge wat nou uit die geskrifte van Wurmbrand gehaal word nie, veral as 'n mens besef dat dit eintlik nooit die doel van Wurmbrand was om spesifiek teologiese handboeke te skryf nie, alleen maar om mense bewus te maak van die Kommunisme, asook van sy eie organisasie, die karakter waarvan nou nie in hierdie beperkte ruimte op ingegaan kan word ne.

Nietemin is dit goed dat veral die medewerkers van Wurmbrand in ons land (en daar is heelwat van hulle) deeglik sal kennis neem van veral die eerste artikel. Die mistiek is sekerlik 'n vreemde liggaam in ons teologie. Daarbenewens moet mens bly waak teen sekere gedagtes van iemand wat 'n totaal ander agtergrond en opleiding as ons eie teoloë in Suid-Afrika gehad het.

Mens kan immers nie verwag dat hy in alle opsigte soos ons moet wees nie. Dat hy nietemin sover gekom het om die Wêreldraad van Kerke aan die kaak te stel om die gevaar van die Kommunisme vir die Weste te besef, om 'n uiters simpatieke oor te hê vir ons bepaalde probleme in Suid-Afrika, afgesien van wat hy in hierdie verband ook **doen** — dit is iets om oor dankbaar te wees.

C. J. VILJOEN.

## VERNUWING OF REWOLUSIE — HET DIE KERK DAAR IETS OOR TE SÊ?

Dr. J. A. van Wyk — 43 bladsye — Prys R1,30 — N.G. Kerkboekhandel.

Dr. van Wyk is 'n dosent in Dogmatiek en Etiek aan die Teologiese Skool Turfloop en die Universiteit van die Noorde. Die boekie is 'n verwerking van 'n referaat wat hy in 1972 voor 'n kongres van die Dogmatologiese Werkgemeenskap in Pretoria gehou het.

Sy studie-onderwerp is die neiging tot maatskaplike vernuwing en selfs rewolusie soos dit uitmond in die reaksie van kerklike kant in 'n „teologie van die rewolusie". In sy uiteensetting van die saak is dit veral de name van R. Shaull, R. Alves, H. Marcuse, J. Moltmann, E. Bloch en H. Cox wat na vore kom.

In die belangrikste hoofstuk van die boek gee hy 'n reeks uitgangspunte vir kerklike-maatskaplike vernuwing naamlik: Die teenwoordigheid en werking van God in die geskiedenis, die kenbaarheid van hierde teenwoordghed van God, die wyse waarop die ryk deur die geskiedenis beweeg, die uitwerking van die Ryk op verwêreldliking en vermensliking, verwêreldliking en vermensliking en die mens in besonder; die plek van die kerk in hierdie verband; die rol van die etiek; en die middels wat die kerk en die gelowiges in hulle diens aan die Ryk sal gebruik.

Dit is 'n dringende vraag wat hier die aandag geniet, en dit gaan om 'n saak waarin baie teoloë dwaal. Die skrywer het egter gesorg vir 'n deeglike voorbereiding in sy benadering, en die lig wat die sterkste in die agtergrond skyn is die van Karl Barth. Uit die aard van die onderwerp beweeg hy voortdurende op die vlak van die horisontale, sonder om egter heeltemal in 'n horisontalisme te verval. Mens soek egter na duideliker klanke wat die eintlike werk van die evangelie in die wêreld betref. Ons het egter waardering vir sy uiteensetting van die verhouding tussen gelowige en die owerheid, en die afgrensing van 'n sosiaal-politiese program van die kerk teenoor die profeties-dienende taak van die kerk.

As iemand wat besonderlik te doen het met die probleem in ons eie land waar dit 'n ander volk ten nouste raak het die skrywer ook die lyne deurgetrek na die situasie plaaslik. Met soberheid ontleed hy baie kort die tersake dinge in die situasie, met waar nodig 'n waarskuwende woord. Voorop bly die eis staan: Daar moet in die hele saak ruimte wees vir die Woord van God.

Dit sal goed wees as veral predikante kennis neem van die boek.

C. J. VILJOEN.

## UITVERKIESING ... TROOS OF VERTWYFELING?

Ds. C. J. JACKSON — N.G. Kerkboekhandel — 31 bladsye — Prys 35c.

Op die titel-bladsy staan daar geskrywe: „'n Prinsipiële beskouing en praktiese uiteensetting oor 'n Bybelse waarheid met die bede dat dit vir elke leser tot troos en innerlike versterking sal dien." Mens sou die boekie eerder as 'n preek (n.a.v. Efes. 1:4-5) kan karakteriseer, met enkele uitbreidings daarop (bv. die verkiesing van Judas Iskariot en probleme daaraan verbonde, en die problematiek rondom Rom. 9)

Dit is baie duidelik dat die gedagte aan die boekie gebore is uit die nood van onkundige lidmate in die gemeente, wie se insig nog te gebrekkig is om die volle rykdom van die uitverkiesing te begryp. Die skrywer slaag goed daarin om hierdie mense te bereik deur sy geskikte tekskeuse, sy direkte en bondige benadering van die probleem sonder om ooit dogmaties te raak, soos bv. iemand wat vir teoloë skrywe, sou doen. Hy sê self dat hy maar die sistematiese benadering links laat lê, in 'n verskoonbare fout — „Die Woord van God laat hom nie in bepaalde denkvorme van die mens indwing nie" — heel korrek; maar dit beteken nie dat ons nie sistematies hoef te wees in ons Skrifverklaring nie. Goeie sistematiek is 'n uitstekende hulpmiddel om mense te bereik, en kom die naaste aan die woord „prinspieel".

Die benadering van die saak in die inleiding gee egter die deurslag tot 'n suksesvolle boekie. Die uiteensetting van die gesag van die Woord in die moeilike problematiek van die uitverkiesing, en die beklemtoning van die „in Jesus Christus" verseker dat die skrywer sy doel bereik. Die boekie verdien 'n wye leserskring onder kerklidmate.

C. J. VILJOEN.